Dit lyk of die gedagtes van al die klasse van mense in hierdie tyd net deur een gedagte beheers word: "Wat beteken die lopende gebeurtenisse? Waarheen gaan ons? Wat moet daar van die wêreld word?" Ons lees hierdie vrae in die koerante, ons hoor hulle vra deur mense op die straat, ons hoor hulle van die verhoog en van die kansel—oral: "*Wat beteken hierdie dinge?*" Ernstige hoofartikels en stukke van die beste skrywers verskyn in die vernaamste blaaike en tydskrifte, algar vra dieselfde vraag en probeer dit beantwoord: "Waarom toe gaan ons?"

In die hele geskiedenis was daar nog nooit so 'n wêreldwye angs vir die toekoms nie as wat die laaste paar jare die mensehartte besiel—en die angs neem toe, onbeskryflik, onverklaarbaar, en tog niemin amper wêreldwyd is hierdie angs en dit het die wêreld al miljoene lewens en biljoene ponde gekos. Hierdie angs besiel die harte van die regeerders en makers van wette wat die sake van die volke reël; dit spook in die harte van die bankiers en die geldmanne, dit tas die handelaar en die fabrikant, die koper sowel as die verkoper aan. Alles is onseker. As Christus in persoon op die aarde sou wees soos Hy eenmaal was, hoe sou Hy die huidige toestand meer akkuraat kan beskryf het as toe Hy dit aan Sy dissipels gedaan het in die woorde: "En op die aarde benoudheid van nasies in hulle radeloosheid wanneer see en branders dreun, en mense se harte beswyk van vrees en verwagting van die dinge wat oor die wêreld kom?"

Was hierdie moeities tot een nasie of tot een land beperk, dan sou dit 'n verskil maak; maar hulle is wêreldwyd en omvat al die nasies. Nouliks het ons klaargepraat oor die een of ander onbedwingbare ongeval in een plek, of ons hoor weer van 'n groot ellende uit 'n ander hoek. Aan die een kant verhongering daar miljoene mense, en aan die ander kant verbrand hulle die surplus koring as brandstof of vernietig dit op ander maniere.

Party groot stede wat vroeër ryk en welvarend was, verklaar hulself bankrot en hul koffers leeg; en die vooraanstaande nasies gee baie meer uit as wat hul mense kan opbring. Die belasting neem hand oor hand toe en besitters van eiendomme is wanhopig om die fondse te kry om aan die eise wat op hulle gelê is, te voldoen. Baie van hulle vra: Sal ons ons plase en huise verlaat en laat die staat dan maar besit neem van ons goed? En nog voel die nasies en plaaslike goewermente hul verplig om aan te gaan en hul uitgawes te vergroot en skuld op skuld te hoop.

Die sedes gee pad; selfs in belydende Christenlande word die standaarde van op-

regtheid en sedelikheid verlaag. Die verslag van misdaad neem die vernaamste plek in die dagpers in—moorde, kinderroof, selfmoorde, skelmery, rowery, brandstigting, ens. neem van maand tot maand toe, totdat ernstige denkende mense begin te vra: maar wat sal tog die end wees? En die ergste is dat die mense onverskillig begin te word of dit moet hulself raak. Eers het die mense gedink dat die Wêreldoorlog vir die toenemende misdaad verantwoordelik was; maar dis nou vyftien jaar na die wapenstilstand en nog gaan die swelgparty lustig verder. Wat beteken dit alles? Die wat die profesie van die Bybel raadpleeg, sien in die huidige toestand die vervulling van die tekens wat Christus gegee het as tekens wat wys dat Sy koms naby is. Die Heiland het gesê:

"En as hierdie dinge begin gebeur, kyk dan na bo en hef julle hoofde op, omdat julle verlossing naby is. . . . Let op die vyeboom en al die bome. Net soos hulle uitloop, weet julle vanself, as julle dit sien, dat die somer al naby is. So moet julle ook weet dat die koninkryk van God naby is wanneer julle hierdie dinge sien gebeur. Voorwaar Ek sê vir julle, hierdie geslag sal sekerlik nie verbygaan totdat alles gebeur het nie. Die hemel en die aarde sal verbygaan, maar My woorde sal nooit verbygaan nie."

Die apostel Poulus is besiel met hierdie gees van die wederkoms van Christus as hy aan die gemeente van Rome daardie roerende vermaning skryf wat tog seker die Adventgelowiges in hierdie uur geld:

"En dit te meer, omdat ons die tydsomstandighede ken, dat die uur vir ons alreeds daar is om uit die slaap wakker te word; want die verlossing is nou nader by ons as toe ons gelowig geword het. Die nag het vergevorder en dit is amper dag. Laat ons dan af lê die werke van die duisternis en die wapens van die lig aangord. . . . Maar beklee julle met die Here Jesus Christus, en maak geen voorsorg vir die vlees om sy begeerlikhede te bevredig nie."

Twee dinge behoer ons in hierdie tyd besonder besig te hou: (1) Om gereed te wees vir die koms van die Here. (2) Om Sy werk op aarde klaar te maak.

*Wees gereed.* Telkens weer het die Heiland die vermaning gegee: "Waak dan," "Wees gereed."

"Waak dan, omdat julle nie weet watter uur julle Here kom nie. . . . Daarom moet julle ook gereed wees, omdat die Seun van die mens kom in 'n uur dat julle dit nie verwag nie."

"Waak dan, omdat julle die dag en die uur nie weet waarop die Seun van die mens kom nie.

"En wat Ek vir julle sê, sê Ek vir almal: Waak!"

Hoe kon die Here meer Sy besorgdheid vir Sy kinders openbaar as toe Hy van so 'n dringende taal gebruik maak? Dis meer as raad: dis liefde geming met 'n innige begeerte dat Sy kinders nie so met die dinge van hierdie lewe sal besig wees nie dat hulle die voorbereiding vir die koms van die Here sal verwaarloos. Daardie dag is 'n dag van wel of van wee vir elkeen van ons persoonlik. Dit beslis ons ewige lot. Daarna is daar geen hervorming, geen bekering, geen vergifnis meer nie. En dit vind plaas terwyl ons leef en besig is met die dinge van hierdie lewe. Die wederkoms van Christus word nie voorafgegaan deur 'n tyd van godsvrug en van 'n vra na die geregtigheid deur die nasies van die aarde nie. Die Skrif sê:

"En net soos die dae van Noag was, so sal ook wees die koms van die Seun van die mens. Want net soos hulle was in die dae voor die sondvloed toe hulle geëet en gedrink het, getrou en in die huwelik uitgegee het, tot op die dag dat Noag in die ark gegaan het, en nie verstaan het voordat die sondvloed gekom en almal weggevoer het nie, so sal ook wees die koms van die Seun van die mens. Dan sal daar twee op die land wees; die een word aangeneem en die ander word verlaat. Twee vroue sal by die meul maal; die een word aangeneem en die ander word verlaat. Waak dan, omdat julle nie weet watter uur julle Here kom nie."

Ons eerste plig is dus om ons harte voor te berei vir die koms van die Here. Ons moet gereed en wagtende wees, as ons in daardie groot dag wil gered wees. 'n Belydenis van godsdienis is nie voldoende nie. Ons moet beklee wees met die geregtigheid van Christus wat alleen deur die geloof kom. Ook moet ons nie leef in die vrees vir mislukking nie. Elkeen van ons moet die verweve ervaring deurmaak waarvan die profeet Jesaja sê:

"Ek is baie bly in die Here, my siel juig in my God; want Hy het my beklee met die klere van heil, in die mantel van geregtigheid my gewikkel—soos 'n bruidgom wat priesterlik die hoofversiersel ombind, en soos 'n bruid wat haar versier met haar juwele."

Op hierdie manier en op geen ander manier nie, kan ons gereed wees vir die koms van die Here.

*Ons moet die werk van die Here op die aarde klaarmaak.* Dis ons plig sowel as ons voorreg. Die werk van die Here is dierbaar vir Hom; Hy het dit aan Sy kinders gegee om klaar te maak; en dit moet klaargemaak word. Dit beteken dat die evangelie in die hele wêreld sal gepredik word, want Christus Self verklaar: "En hierdie evangelie van die koninkryk sal verkondig word in die hele wêreld tot 'n getuienis vir al die nasies; en dan sal die einde kom."

Een van die bewyse van die spoedige koms van die Here is die prediking van die drie engelboodskap in die hele wêreld soos die apostel Johannes dit in 'n gesig op Patmos gesien het. Die ewige evan-

gelie, die drie boodskappe van Openbaring 14, moet in die hele wêreld uitgaan tot 'n getuienis.

Dis wonderlik hoe die verkondiging van die derde engelboodskap voortgang gemaak het, van nasie tot nasie, van taal tot taal gegaan het. Teen die end van 1932 het dit reeds 275 lande bereik en 485 tale en dialekte. In die laaste ses jaar is die boodskap verkondig in 229 tale waarin dit nog nie gepredik was nie. In minder as gemiddeld elke tien dae vir die laaste ses jaar is 'n deel van die drie engelboodskap in 'n nuwe taal gehoor. Teen die end van 1932 was ons ledetal 362,101. Waar ons hierdie nuwe taalgiede met die gesproke of gedrukte woord betree het, is die berekening dat as ons voldoende werkkragte sou hê, ons nou 'n biljoen en drie kwart van die twee biljoen van die bevolking van die wêreld kan bereik.

Die jaar 1932 was die beste jaar in heel ons geskiedenis in die win van siele. Dit mag vreemd lyk, maar juis toe dit moeilik gegaan het om geld te kry, het ons mense aan die oproep gehoor gegee, en so mildadig van hul beperkte bronne gegee dat ons in staat was om ons werk aan die gang te hou na ons verskeie besnoeiings in salarisse en ander onkoste gedaan het. Ons harte is baie bemoedig deur die vinnige vermeerdering van ledetal in die laaste twee jaar. Oor die hele wêreld is die groei in ledetal die beste in die geskiedenis van ons denominasie gewees; en in Noord-Amerika was 1932 die beste jaar in doopgevalle en vermeerdering van ledetal wat ons ooit gehad het.

Die toekoms lê voor ons. Onder die seën van die Here kan ons ons werk van nou af veel meer vrugbaar in siele maak as dit ooit in die verlede die geval was. Toewyding en 'n verenigde front verseker sukses.

As elke broeder saamstaan met elke ander broeder, as eenheid en broederlike liefde heers, as ons die Here in ernstige gebed soek en die sonde uit ons harte ban, het ons rede om te glo, dat die Here ons die volheid van Sy seën wil gee. "As ons onself voor die Here verneder, en vriendelik, beleefd, teerhartig en barmhartig wil wees, sal daar een honderd bekeringe tot die waarheid wees waar daar nou net een is."—"Testimonies," Vol. IX, bld. 189. Wat 'n oes van siele sou dit bring!

Party is bang dat as die voorspoed wederkeer (en die wêreld doen alles om dit tot stand te bring) dat die gemeente dan haar ywer sal verloor en ophou met siele win. Dit moenie wees nie. Die gemeente is "in die wêreld, maar nie van die wêreld nie." Voorspoed nog teenspoed behoort ons ywer en toewyding tot die Here te bepaal nie. Ons geloof en liefde is die sleutel wat die voorraadskuur van Sy rykdom vir ons ontsluit. Waar die dae verbygaan en ons nader tot die end kom, moet die gemeente meer biddend, meer ywerig, meer opoffereend, meer aan Christus gelyk wees en meer pogings doen om ander tot Christus te win.

Laat predikers en gemeentelêde saamstaan in hul pogings om die onbekeerdes te win. Ons lede doen alreeds 'n goeie werk, maar voor hulle en ons predikers lê nog 'n baie groter werk om siele vir Christus te win. Laat ons 1934 die banierjaar in Christelike arbeid en die win van siele maak.

DIÉ AMPTENARE VAN DIE GENERALE KONFERENSIE.



## Helderberg Kollege vir 1934

G. E. SHANKEL

Nou dat die vakansiedae weer hier is, oorweeg seker baie ouers met erns die toekoms van hul seuns en dogters. Van daardie besluit gaan hul hele toekoms afhang,—feitlik hul lewenslot.

Waar ek in die laaste maande met opvoedkundige kringe in aanraking gekom het, is ek teneer bewus geword van die waarheid van die woorde in "Counsels to Teachers": "Satan het heel kunstig sy dogma's, sy valse teorieë in die onderwys ingevleg." Hierdie invloed is so listig en werk so onbewus op die gedagtes van seuns en dogters in, dat mens dit op die oomblik nouliks merk. Die gevaar lê vandag nie eenvoudig in evolusie en aanverwante teorieë nie. Daar is ander leerstellings wat netso goed die siel verwoes, en hulle deurtrek die hele beskawing. Die maatskaplike begrippe het 'n verandering ondergaan en die slagbome van die sedelike selfbeheersing is veelal verbreek.

Die wêreld neem 'n vinnige draai na die heidendom, al is dit 'n enigins beskaafde heidense beskawing soos die van Griekeland en Rome. Ons jongmense asem aan elke kant die skadelike dampe van 'n ontseude Christendom in, en daar is groot gevaar dat hulle 'n lae begrip van die geestelike lewe vorm. So ooit dan is dit nou dat ons skole veilige hawens vir ons jongmense moet wees.

Ook val die taak om die werk van die boodskap van die Here klaar te maak vir 'n groot deel op ons jongmense. Om vir hierdie werk voorberei te word beteken dié opleiding te ontvang wat ons skole bedoel te gee. Dis onder die voorsienigheid van God dat daar hier 'n kollege opgerig is waar ons jongmense 'n voorbereiding tot diens kan ontvang. In die huisgesin en in die gereelde kerkediens het ons magtige middele om die geestelike lewe te ontwikkel, maar die taak om ons jongmense deëlik op te lei om aan die eise van ons tyd te voldoen, vereis jare van geduldige en aanhoudende poging. In sekere opsig het Helderberg Kollege daarin geslaag om aan hierdie verantwoordelijkheid te beantwoord. Die Kollege was die geestelike geboorte-grond vir baie; ander het hier 'n totaal nuwe insig van die Christelike lewe en diens gekry. Hoeveel van die honderde van ons jongmense gaan in 1934 in die seënninge van Helderberg Kollege deel? As ons hierdie vraag in die lig van die ewigheid beskou, dan glo ek dat die Kollege oorvol sal wees.

## Buurtsending Dept

F. E. Potter, *Sekretaris*

### 'n Ope Brief aan die Kerk-beamptes van 1934

#### GELIEFDE MEDEARBEIDERS,

Waar julle nou seker planne maak vir 'n agressiewe program vir die komende jaar, wens ek julle op die gemoed te druk om meer as ooit te vore 'n vername plek in jul gemeente te gee aan die leesstofbediening. Julle weet algar hoe hoog die Gees van profesie praat oor hierdie bediening en watter hoë waarde die diensmaag van die Here heg aan hierdie middel om siele te win.

Die gedrukte blad is 'n magtige faktor in die wêreld in ons dae. Die vyande van die Christendom is buitengewoon entoesiasies oor die waarde van die pers. Let net op die volgende uitspraak in 'n blad *Demain* wat deur 'n groep Russe in Frankryk gedruk word om teen elke godsdiens propaganda te maak. "Die magtigste wapen is die gedrukte blad. Ongelowige boeke word vertaal en oorspronklike publikasies verskyn in die landstale. Die invloed van ongelowige gedagtes in die leesstof van die land is 'n opmerklieke feit wat ons nie genoeg kan waardeer nie."

Verder beskryf die blad die bedrywigheid van die Internasionale Proletariese Vrydenkers wat die doel het om in elke land van die wêreld propaganda teen die godsdiens te maak. In Amerika, Australië, Groot Brittanje, oor Europa en in Asië maak hierdie vereniging groot vordering veral deur gebruik te maak van die gedrukte blad. Hul oë is nou op Afrika, Indië en China.

Laat ons nou met aandag luister na die volgende vermaning van die diensmaag van die Here waar sy so kenlik gebruik is om die bedrywigheid van die gemeente van die oorblyfsel op die aarde te lei: "Gemeentelede, *word wakker* en sien die belangrikheid van die sirkulasie van ons leesstof en *gee meer tyd* aan hierdie werk. Bring in die huise van die mense blaie, traktate en boeke wat die evangelie in hierdie verskillende rigtings verkondig. *Ons het geen tyd om te verlies nie.* Laat baie hierdie werk gewillig en onselfsugtig doen en daardeur help om die so nodige waarskuwing te gee. As die gemeente haar bestelde taak opneem, sal sy uitgaan 'mooi soos die maan, rein soos die son, verskriflik sos slagordes met vaandels.' Hooglied 6:10."—"Counsels on Health," *bld.* 464.

Let op dis die bestelde taak van die gemeente en as sy dit aanvaar, sal sy onweerstandelik wees! Daarom, geliefde medearbeiders, gee 'n bepaalde plek in jul program in 1934 aan die groot leesstofbediening. Organiseer 'n leesstofgroep in

jul gemeente. Probeer om elke gemeentelid daarin te kry. Skryf aan jul Boekdepôt en vra vir "Home Missionary Leaflets" wat waardevol aanwysings bevat hoe om hierdie werk te doen. Die mooie van hierdie bediening is daar is plek vir iedereen. As julle die groep georganiseer en aan die werk het—hou dit besig. Laat die heiligheid en die belangrikheid van die werk voortdurend aan die gemeente bekend word.

Hierdie jaar is heel wat siele vir die waarheid gewin deur die leesstofbediening. Laat ons planmaak om in 1934 daardie getal minstens te verdrievoudig! Ons kan dit doen as julle net in jul gemeente daarvir 'n plan maak. Mag die Gees van die Here julle lei in al jul planne vir 1934 en onse Hemelse Vader al jul pogings ryklik seën dat die koms van die koninkryk van Sy dierbaar Seun mag verhaas word.

Jul getroue Medearbeider,

F. E. POTTER.

### Persoonlike Ervarings in die Aanneem van die Boodskap

ONDER hierdie hoof hoop ons van tyd tot tyd persoonlike getuienisse te gee van die wat in die laaste jare uitgestap het op die belofte van die Here om al Sy gebooe te bewaar. Iedereen sal dit met belangstelling lees en ons nooi anderes uit om hul getuienis in te stuur aangaande hul ervaring in die boodskap. Dit sal die twyfelmoediges vreugde bring om te weet hoe die Here u gelei het om hierdie wonderlike boodskap aan te neem.

Stuur u getuienis aan die Redakteur van die *OUTLOOK*, Kantoor van die Generale Konferensie, Grove Laan, Claremont, Kaap. Dankie.

'N Wesleyaanse Metodis, my vrou die dogter van 'n Wesleyaanse prediker, het ons werklik "die gedaante van godsaligheid" gehad sonder die krag daarvan te ken. My vrou was nooit 'n groot werker nie, maar 'n baie goeie vrou, elkself 'n lekeprediker en Sondagskoolwerker; maar ons was geen van beide tevrede met ons lewe nie. Ons was voortdurend op die uitkyk na iets wat ons kon vashou in hierdie vinnige dae; en ons kon dit nie vind in die dienste van ons gemeente of sy boeke nie.

Skrywer het Ouderling Arthur Ingle ontmoet kort voor sy poging te Salisbury nou vier jaar gelede, en iets het ons geroep om te doen wat ons nog nooit gedaan het nie, gaan luister na 'n vreemde prediker. Ons sou vroeër liewerste by die huis gebly het as om te gaan luister na 'n vreemdeling. Ons het sy toespraak oor "die Bybel" gaan hoor; dit was nou net waarna ons so lank uitgesien het. Daarna het ons amper geen lesing gemis nie, totdat die uitnodiging kom en ons albei vir die waarheid uitstaan. Ons dank die Here vir die moed om dit te doen en vir die krag om vandag nog te staan.

Dit het beteken dat ek my werk ver-

loor; maar die Here was getrou. Ek was sedert nie 'n dag sonder werk nie. Ek het heel wat vriende verloor, maar ons het 'n Vriend gevind Wat meer beteken as al die aardse vriende. Dis dit werd en nog meer om die ware sielsvoldoening en rus te ken as gevolg van die feit dat ons nou "die gebooe van God bewaar" en ons oorgegee het "aan die geloof van Jesus."

My opleiding as lekeprediker help my nou in my werk as plaaslike ouderling; maar wat 'n verandering in die preektrant! Toe het ek nie 'n bepaalde boodskap gehad nie, vandag is die boodskap uit die Woord van God: waar, 'duidelik, dit red die siel en gee lewe; dit gaan swaar om stil te bly, mens wil net daaroor praat.

Ek wil net sê, onder gebed dat dit iemand in gelyke omstandighede mag help, dat dit heel wat gekos het om die dinge waaraan ek my lewe lank gewoond was, op te gee, al was hulle ook nog so onbevredigend; hulle was daarom deur oorlewering dierbaar. Mens moet wel 'n "beeldebreker" word en jou afgode verbreek. Maar dit gee die Here 'n kans om Sy beeld in ons te volmaak as al die ander afgode uitgewerp is. My gebed is dat Hy Sy lewe in my mag uitleef.

H. HIPKIN,  
*Salisbury.*

### 'n Dag van Danksegging

N. C. WILSON

In die afgelope weke het daar in die deur droogte geteisterde dele van Suid-Afrika oorvloedige en langverwagte reëns geval. Die droogte wat op party plekke drie jaar lank geduur het, is nou verby. Die voorheen welvarende plase in die Vrystaat en ander provinsies wat gedurende die langdurige droogte meer na 'n woestyn gelyk het, verheug hul weer. Die gebed van die mens en die geroep van die stomme diere vir kos en water is gehoor. Onse barmhartige en liefhebbende Vader het antwoord gegee.

Ons stel voor dat ons in al ons gemeentes en huisgesinne Sabbat die 23 Desember afsonder as 'n dag van danksegging vir die oorvloedige reëns wat die laaste weke geval het, sodat die geteisterde land hom weer verheug. "Want die Here is goed, Sy goedertierenheid is tot in ewigheid, en Sy trou van geslag tot geslag." Ps. 100:5.

Ons verenig ons dus met blydschap met ander Christelike liggeme in Suid-Afrika in hierdie diens van danksegging wat die Eerste Minister vir al die kerke voorgeskrif het vir die oorvloedige reëns wat amper oral in die Unie sedert die nasionale dag van verootmoediging geval het.

"As die kinders van God opgroei in genade, sal hulle voortdurend 'n beter begrip van Sy Woord ontvang."

*The Southern  
African Division Outlook*

Published semi-monthly by the  
General Conference of Seventh-day Adventists  
(Southern African Division)  
Subscription price, 2/6 per annum

A. FLOYD TARR \_\_\_\_\_ Editor  
J. I. ROBISON \_\_\_\_\_ Assist. Editor  
Grove Avenue, Claremont, Cape

SOUTHERN AFRICAN DIVISION OFFICERS

J. F. Wright \_\_\_\_\_ President.  
A. E. Nelson \_\_\_\_\_ Treas. and Auditor  
A. F. Tarr \_\_\_\_\_ Secy. and S. S. Secy.  
A. N. Tonge \_\_\_\_\_ Medical Secy.  
M. P. Robison \_\_\_\_\_ Ed. and M. V. Secy.  
F. E. Potter \_\_\_\_\_ H. M. and Field Miss. Secy.  
J. I. Robison \_\_\_\_\_ Religious Liberty Secy.

## A Day of Thanksgiving

N. C. WILSON

DURING the past few weeks copious and long looked for rains have fallen throughout the drought stricken parts of South Africa. It appears that the drought, which in certain sections has lasted for three years, has now been broken. The once prosperous farming and pastoral sections of the Free State and other provinces affected, which during the severe and prolonged drought had taken on a desert-like appearance, are again rejoicing. The prayer of man and the inarticulate cry of the animal creation for food and water has been heard and answered by our kind and loving heavenly Father.

We suggest that in all our churches and in every home, Sabbath, December 23, be made a day of thanksgiving to God for the bountiful rains which have fallen during recent weeks, and which have caused the drought stricken areas to rejoice. "The Lord is good; His mercy is everlasting: and His truth endureth to all generations."

We thus gladly join other Christian bodies in South Africa in this thanksgiving service which the Prime Minister has appointed to be observed in all churches for the copious rains that have fallen in almost every part of the Union since the national day of prayer.

\* \* \*

## Wanted

COULD any kind friend recommend a reliable coloured girl for general housework, Seventh-day Adventist orphan or middle-aged woman with no encumbrance preferred. Reply, Mrs. G. Rossouw, P.O. Klipdale, C. P.

By a loyal Seventh-day Adventist young man, position on a dairy farm, owned and run by a Seventh-day Adventist. The applicant is desirous of obtaining a practical scientific knowledge of dairy farming and is willing to take a thorough correspondence course along this line, that he may have the theory as well as the practice. Please reply to Advertiser 99, P.O. Box 256, Bloemfontein, O. F. S.

## Why Not Make It More Enjoyable?

SINCE using one's mental faculties in the pursuit of larger knowledge is one of the chief joys of living, why not make the summer vacation a little more enjoyable by doing a little studying on the side, and thus earning some valuable credits? The notion that a person cannot study during the warm season is utterly fallacious. Never does the brain function better than in the early hours of a summer morning, and a good book on English or American literature, read in the shade of a friendly tree on a summer afternoon—well, its an experience to be remembered. The Home Study Institute offers some ninety courses, all carrying full credit in our colleges and academies. There is a discount of ten percent from the catalogue prices on all courses, and for a limited time a special additional reduction to workers and their families. Prompt action will be advisable if you desire to benefit by these special discounts. Our catalogue is yours for the asking. If you have some part of a course that needs to be made up, or some other special problem to solve, tell us of it, and we will give you the necessary information by return mail.

THE HOME STUDY INSTITUTE,  
Takoma Park, Washington, D. C.

## GIFT BOOKS!

Quiet Talks for Meditation.  
The Mountain Top.  
The Supremacy of Love.  
The Eternal Quest.  
Eternity's Wise Men.  
The Wonderful Father.  
Mary Kennedy's Victory.

Price, any book in this group, 1/6 post paid.

Jungle Heroes.  
David Dare.

Price, either of these two books, only 2/6 post paid.

Send cash with order to  
Religious Book Depository  
P.O. Box 256  
Bloemfontein, O. F. S.

"CHRIST, in His life on earth, made no plans for Himself. He accepted God's plans for Him, and day by day the Father unfolded His plans. So should we depend upon God, that our lives may be the simple outworking of His will. As we commit our ways to Him, He will direct our steps."—"Ministry of Healing," page 479.

## Obituaries

COURSE.—Mabel Louisa Course passed away at the Sanatorium, Durban, on November 15, 1933. Mrs. Course accepted the truth about eighteen months ago, and from that time to her death, was a zealous worker for the cause she had learned to love.

Every service would find our sister in her accustomed place in the church and it will be a source of sadness to notice the empty pew. She attended the baptismal class right up to the week of her death and was to have been baptised in two weeks' time.

Her death was a shock to us all for she was only having a slight operation, and drove her own car to the Sanatorium on the very morning, but before the doctors had started, she collapsed on the operating table and never recovered.

She was laid to rest at the Stellawood cemetery there to await the call of the Life-giver whom she trusted and loved so dearly. She was always of a cheerful disposition and loved by all, a faithful and devoted wife, a loving and patient mother, a sincere and true sister, and a kind and honourable friend, faithful in the smallest detail, zealous in missionary endeavour, and strict in obedience to her heavenly Father in all things. Our hearts go out in deepest sympathy to Mr. Course, Raymond, Leslie, and Daphne, also to the sisters, Misses Bourn and Mrs. Walter Lindup, who have not recovered from the terrible shock of their mother's death eight months ago.

The writer conducted the service at the graveside assisted by Elder A. W. Staples.  
A. C. LE BUTT.

FARSE.—On June 2, 1932, there was born to Mr. and Mrs. J. Farse, of Salt River, a daughter, little Frances Carolina. She stayed long enough to learn to love her father and mother, but she also learned to know suffering, for bronchitis and whooping-cough proved too much for her little body. After a sojourn of 1 year, 5 months, and 20 days, she fell asleep on November 22, 1933.

Words of comfort and trust were spoken by the writer who also used that beautiful passage from "Mount of Blessing," pp. 23, 25. Elder Abney kindly assisted.

"An appointment planted for the resurrection morn."  
ALF. G. KOHEN.